higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

4 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: ONTLEDING VAN KUNSWERKE

1.1 1.1.1 Uitputting/vermoeienis/moegheid aan die einde van ’n lang dag Gereelde klante van die kafee is op die agtergrond aan die slaap op die tafels. Madame Ginoux lyk moeg omdat sy haar kop op haar hand laat rus. (2)

1.1.2 Dit verleen balans aan die komposisie en verdeel die doek in twee kontrasterende tonele. (2)

1.1.3 Sy lyk vermoeid ná 'n lang dag. Daar is ook ’n uitdrukking van tevredenheid op haar gesig asof sy te kenne wil gee dat dit 'n suksesvolle besigheidsdag was. (3)

1.1.4 Madame Ginoux word groot op die voorgrond uitgebeeld, met die kleiner beelde van klante op die agtergrond. Sy en die ander word deur die snoekertafel in die middel geskei. Die agtergrondfigure is in minder detail geskets as madame Ginoux op die voorgrond. (3)

1.2 1.2.1 (a) *Die profeet*: Die houtsnee verleen aan die werk growwe, hoekige lyne. Daar is uiters min detail. Dit verhoog die uitdrukkingsvolle gehalte van die werk. Die getekstureerde grein van die hout dra tot die emosionele impak van die werk by. Eenvoudige lyne
Die synsgeld: Die tegniek van olie op doek maak groter detail en ’n meer naturalistiese benadering moontlik. ’n Mens kan met Jesus as man identifiseer. (4)

(b) *Die profeet:* Strak swart en wit beeld dra by tot ’n dramatiese gevoel van die werk. Die versterk die beeld van ’n broeiende gesig en uitgeholde, pynvervulde oë.
Die synsgeld: Sagter toonnuansering; verleen ’n sagter voorkoms aan Christus. Daar is geen dramatiese kontras nie. (2)

1.2.2 *Die profeet*: Die tekstuur van die hout en die hoekige lyne verhoog die spirituele gevoel en die uitbeelding van die pyn en lyding van Christus. Dit maak dat die kyker emosioneel, met empatie en hartseer, daarop reageer.
Die synsgeld: Die gebruik van olieverf skep ’n meer realistiese beeld, wat die teerheid van Christus uitbring. Dit maak dat die kyker liefde en spiritualiteit ervaar. (4)

1.3 1.3.1 Dit lyk of sy die beskermer van almal anders om haar is. Sy is in die middel van die kunswerk geplaas en is deur talle kinders, oumense en geblinddoekte mense omring. Dit lyk of almal na haar opkyk vir krag en leiding. (4)

1.3.2 Ons kan nie haar oë sien nie, maar haar mond dui op vasberadenheid. Sy sal doen wat sy moet doen. In teenstelling lyk die kinders bang en uitgeput, amper oorgegee aan hul lot. (3)

Kopiereg voorbehou

1.3.3 Die gebruik van houtskool verleen ’n sterk kontras tussen swart en wit aan die kunswerk, wat ’n dramatiese blik op die oorlewendes gee. Die duidelike lyne bring die gebare na vore, wat tot die emosionele gehalte van die werk bydra. (3)

1.4 1.4.1
- Die jong danser met die groot strik, wat op die voorgrond staan
- Die kleur van haar strik vestig die aandag op haar. Sy is ook groter vir en nader aan die kyker. (2)

1.4.2 Die oorhoekse lyne van die vloerplanke trek die oog van voor na agter. Die figure is groter op die voorgrond en word verder weg kleiner op die agtergrond. Daar is meer detail aan die figure op die voorgrond. (3)

1.4.3 Die beeld is afgesny – dus ’n oop komposisie. Die fokuspunt is na links onder. Die vloerplanke skep ’n skuinslyn oor die werk, wat beweging en energie uitbeeld. Die twee meisies op die voorgrond word deur die talle kleiner figure aan die linkerkant, die dansonderwyser se vertikale posisie en die kolom se kontras met die skuinslyn van die vloer in balans gebring. (5)
[40]

VRAAG 2: PREHISTORIESE EN VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS

2.1 Prehistoriese kuns

2.1.1
(a) Kaggen
(b) Piktogram
(c) Teriantroop
(d) Sjamaan
(e) Petroglief

(5 × 2) (10)

2.1.2
- Om gepaard te gaan seremonies soos inisiëring
- As towerkrag om suksesvolle jagtogte te verseker
- Mites – vir reënmakery, sjamaans, reënboë, slange, ens.
- Om hul rotsskuilings te versier
- Om hul alledaagse lewe op te teken
- Vrugbaarheidstowerkrag: Rites is uitgevoer en vrugbaarheidsmotiewe is op die mure van hul rotsskuilings geskilder.
- Om uiting aan totemoortuigings te gee
- Om volksverhale te illustreer

(Enige 5 × 2) (10)

2.1.3 Studente se eie voorbeelde

Graveerkunswerk:
Jakkalsie van Maanhaarrand – Rustenburg/Krugersdorp

Ingesnyde graveerwerk deurdat lyne in die rotswand ingekrap is. Dit is ’n kalligrafiese tegniek. Die lyne is diep en wyd – syaansig. Dit is ’n omlynde graveerkunswerk met slegs een dier wat kalm en afgesonder van die wêreld is – statiese houding. Die tegniese vaardigheid is uitstekend; die kunstenaar is ’n geniale waarnemer. Die hoeke wissel. Daar is ’n oorgang van vaste vorms na delikate uiterstes. Daar is nie sprake van ’n opsetlike verwringing of verlenging nie. Die lyne is vloeibaar; estetiese vertolking van vorm. Delikate lyne – die graveerder het die gemoedstemming van die dier verstaan. Sprake van duidelike uitvoering; geen arbitrêre rangskikking van die liggaam nie

Skildery:
Die N’Kosasana-eland – Noordoos-Kaap
Ongeskakeerde bichromaatskildery (piktogram); syaansig. Die agterkwart van die eland is effens gedraai. Daar is ’n mate van driedimensionele uitbeelding. Wit word ingespan om die verste ledemate uit te beeld. Die wit vorm van die voorpoot is al langs die maaglyne verleng en kombineer dus die wit vorm en die bruin vorm met mekaar, wat eenheid meebring. Die klein bruin lyntjie op die voorkop versterk die driedimensionele gevoel.

OF

Die Aasvogelkop-elandgroep – Rouxville
Groepsfigure staan in ’n bepaalde verhouding met mekaar en skep die illusie van ruimtelike verspreiding. Aansig: Twee koppe op die voorgrond, een syaansig. Figure oorvleuel mekaar. Kleure: Diep oranje, wit en blouswart. Konvensionele verdeling tussen nek en skouers kan gesien word. Die gebruik van swart lyne voorsien meer detail in die afbakening van die kop en hoewe. Die figure op ’n horisontale lyn gee ’n gevoel van rusteloosheid. Die skuinslyn van die nek van die eland aan die regterkant skep die indruk van lewenskragtigheid en is die fokuspunt. (10 × 2) (20)
[40]

2.2 **Vroeë tradisionele Suid-Afrikaanse kuns**

Studente se keuse, byvoorbeeld Irma Stern, Thomas Baines, Gerard Bhengu, Thomas Bowler, of enige ander tersaaklike kunstenaar (20 × 2) **[40]**

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

3.1 Hindoe-kuns

Student se eie keuse

Shiva Nataraja, 12de eeu (Chola-dinastie)
Brons; gewilde beeldhouwerk van Shiva (een van die vernaamste godhede van Hindoeisme) as Nataraja (Heer van die Dans) wat die kosmiese dans uitvoer. Die balans en harmonie is uitstekend. Twee hande hou simboliese voorwerpe vas, naamlik ’n vlam en trom wat vernietiging en skepping simboliseer. Die ander twee hande word in voorgeskrewe gebare, wat as *mudra* bekendstaan, uitgebeeld. Shiva dans binne-in ’n vlammekring. Die herhaling van vlamme behou die harmonie in die beeld.

Asavari met ’n kobra, 1605
Verf op papier; ’n miniatuur van Udaipoer in Rajasthan toon die deursettingsvermoë van die Hindoe-skildertradisie. Die musiekbeeld beklemtoon die hegte band tussen Hindoe-kuns, -musiek en -digkuns. Gestileerde beeld: Asavari word met glansende donker vel geskilder, versier met pouvere en ’n halssnoer van seldsame, pragtige pêrels. Sy sit op ’n bergspits. Sy het ’n slang uit sy gat uitgetrek en is van plan om dit as gordel te gebruik.

Radja en Krisjna, 1590
Verf op papier – Rajputana. Dit is ’n illustrasie van ’n gedig, die Gita Govinda, waarin Krisjna se liefdesavonture met die melkmeisies beskryf word, van wie hul hoof Radja was. Krisjna, een van die mees geliefde Hindoegode, word altyd met ’n blou vel uitgebeeld. Die detail is treffend (pou en die rand van visse, golwe en blomme). Plat kleure word op die agtegrond gebruik. Die helderrooi vestig die aandag op die god en sy geliefde.

Enige ander voorbeelde van ’n skildery of beeldhouwerk (20 × 2) **[40]**

OF

3.2 **Islamitiese kuns**

Student se eie keuse

Die Taj Mahal is in werklikheid ’n praalgraf wat die Mughal-keiser, sjah Jahan, in Agra vir sy gunstelingvrou, Mumtaz Mahal, die juweel van die paleis, gebou het. Sy het in 1632 gesterf. Die Taj Mahal is ’n agthoekige gebou met ’n uivormige koepel, wat op die platform daarvan na vier hoekminarette verleng word. Die plan daarvoor was nie nuut nie; dit is gebaseer op die grafkelder van sjah Jahan se oupagrootjie, Humayun. Die ingrypende verskil is die oordadige gebruik van ’n glinsterwit marmerafwerking wat die gebou verlig en ophelder en ’n droomagtige gehalte daaraan verleen, ten spyte van die ontsaglike grootte daarvan. Die Jumna-rivier vloei aan die een kant van die Taj Mahal verby en die hooffasade is agter ’n lieflike, formele tuin geleë met vele waterstroompies wat moontlik ’n belangrike element van die gevoel van betowering is wat besoekers al geslagte lank by hierdie plek ervaar.

Keramiekteëls (gedateer tussen die 14de en 15de eeu) met Arabiese teks daarop is kenmerkend. Die teks op die teëls lui: 'Hoe goed gaan geluk en voorspoed hand aan hand'. Dit word etlike kere herhaal. Die teëls is ontwerp as versiering vir ’n gebou. Kalligrafie was ’n grondliggende element van die Islamitiese kuns en die geleentheid is gebruik om ornamentele vorme daaruit te ontwikkel. Die Arabiese teks, wat in die Koran (heilige boek vir Islamiete) gebruik word, het die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorms en patrone beïnvloed. (20 × 2) **[40]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 4.1.1 Die Antieke Egiptiese skryfstelsel word van links na regs, van regs na links of van bo na onder geskryf; simbolies, figuurlik of foneties (3)

4.1.2 Die Boek van die Dooies is ’n reeks geskrewe towerspreuke wat die Antieke Egiptenare geglo het hulle in die hiernamaals kan help. Dit is nie een reusegroot boek nie, maar 'n bundel met individuele hoofstukke. Dit is gewoonlik in ’n farao se grafkelder geplaas. (3)

4.1.3 Dit is ’n beeld met die kop van ’n farao en die liggaam van ’n leeu. (2)

4.1.4 Dit is ’n naamplaatjie van ’n heerser in Egiptiese skrif. (2)

4.2 4.2.1 Anubis
4.2.2 Horus
4.2.3 Osiris
4.2.4 Ma'at
4.2.5 Ra

(5 × 1) (5)

4.3 Egipte is omring met ’n woestyn, met die Nylrivier aan die een kant, die Middellandse See in die noorde en die Rooisee in die ooste wat beskerming teen invallers bied. Die Egiptenare het ’n beskermde lewe langs die Nyl gelei. Die woestyn het die bewaring van artefakte moontlik gemaak. Die Nyl was ’n belangrike waterbron. In Antieke Egipte is natuurlike hulpbronne vir grafkelders en klipbedekkings vir begrafnisplekke gebruik. Omdat Antieke Egipte aan die verste noordelike punt van die vasteland naby die Middellandse See geleë is, was handel met ander volke maklik, wat welvarendheid tot gevolg gehad het. Egipte het oor talle waardevolle natuurlike hulpbronne beskik wat die land se welvaart verhoog het. (5)

4.4
- Die Groot Piramide van Giza (ook as Khufu of Cheops bekend)
- Die Piramide van Chephren
- Die Piramide van Menkaura (3)

4.5 Dit is gebou as ’n beskermende monument vir die gebalsemde koning en sy besittings. Dit simboliseer ook sy absolute mag. Met die eenvoudige meetkundige vorm van die struktuur het dit ’n sinnebeeld van orde in die chaos van die natuurlike omgewing van die woestyn geword. Die hiërogliefinskripsies van gebede en towerspreuke wat die mure van die grafkelder bedek, versterk die opvatting dat die vernaamste funksie van die piramides was om die farao se ewige welvaart te verseker. Die vier gelyke driehoeke van die piramide is presies uitgelê om met die vier hoofwindstreke van ’n kompas ooreen te stem. Dit is aan die wesoewer van die Nylrivier gebou, waar die son elke dag 'sterf'. Nadat dit gebou is, is ’n blok wat met ’n glinsterende metaal bedek is, bo-op die piramide geplaas. Die sye van die piramide is oorspronklik met kalkklip bedek om ’n gladde oppervlak daaraan te gee. Dit het ’n ware piramidevorm, met 'n vierkantige voetstuk en vier driehoeksye wat in ’n punt eindig
Dit beslaan 5,25 hektaar en was 1 478,5 m hoog. Daar is 13 000 000 klipblokke, wat elk 2,5 ton weeg, gebruik. Die koning se kamer is in die middel van die piramide geplaas, met die koningin se kamer reg daar onder. Die groot galery – ’n gang wat na die koningse vertrek toe lei. Twee skagte as luggate; gebalsemde liggame is aan die binnekant geplaas.

(7)

4.6 Die Antieke Egiptenare se vernaamste godsdienstige oortuiging het behels dat daar lewe ná dood was. Die koning is as goddelike wese beskou. Sodra hy hierdie aarde verlaat, vaar hy op na die gode. Die piramides, wat in die lug troon, sou hom help om na die gode op te vaar. Dit sou sy heilige liggaam bewaar teen ontbinding, want die Egiptenare het geglo dat die liggaam bewaar moes word sodat die siel in die hiernamaals kan aanhou lewe. Hulle het omvattende balsemingsmetodes gevolg. Beeldhouers is beveel om die koning se kop uit harde graniet te beitel en dit in die grafkelder te plaas waar niemand sou sien hoe die towerkrag en die uitbeelding van die koning sou help om sy siel aan die lewe te hou nie. Voorbeelde is die ganse van Meidum en die dieretonele uit Al Amama; die amptelike Nefer wat begrafnisgeskenke ontvang; die Ramesseum; die begrafnistempel Ramses II by Tebes; die sarkofaag van Toetankamen; of enige ander voorbeelde. (10)

[40]

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Die ontwikkeling van die Griekse kultuur is op ’n ondervragende, wetenskaplike ingesteldheid gebaseer. Die Antieke Grieke het geglo dat mense en hul intelligensie die middelpunt van hierdie filosofie van uitnemendheid gevorm het. Elke persoon het oor die reg beskik om sy of haar eie toekoms te bepaal. Demokrasie is nie konsekwent toegepas nie aangesien hulle steeds van slawe gebruik gemaak het. Die kunste is aangemoedig. Daar was verskeie invloede, onder andere die inval van Persië, verskillende oorloë, nuwe belangstellings en nuwe beskouings. (5)

5.2 5.2.1 Harde, bruinrooi, ongeglasuurde erdewareklei wat vir pottebakkers- of beeldhouwerk gebruik is (1)

5.2.2 ’n Groot vaas wat gebruik is om wyn en water in Antieke Griekeland daarin te meng (2)

5.2.3 Die standbeeld van ’n naakte jeugdige (2)

5.3 Belangrike geboue was meestal graftombes of tempels wat gebou is om standbeelde van die gode, aan wie hulle toegewy is, te beskerm. Dit is op ’n sentrale plek geplaas sodat almal dit kan sien. Geboue is gebruik om boodskappe oor te dra, nes beelde. Dit het uiting gegee aan die ideale van harmonie, balans en eenvoud. Die Parthenon (wat die 'kamer van die maagdelike godin' beteken) is een van die geboue waarvoor wit marmer gebruik is in plaas van kalksteen, versterk met marmerpleisterkalk, soos in baie ander tempels. Die hoofdoel daarvan was om die standbeeld van Athena, die godin wat die stad Athene beskerm het, te huisves. Dit was ’n Doriese-orde-tempel wat ’n sentrale plek op die Akropolis ingeneem het. Dit is breër as ander Doriese-orde-tempels, met agt kolomme in plaas van net ses.

Orde het betrekking op die soort kolom wat ’n voetstuk, skag, kapiteel en entablement het, met ’n spesifieke styl aan die bokant, wat in hierdie geval Dories is. Styl- en lateiboutegnieke is in klipkolomme en entablement gebruik wat van die Egiptenare afkomstig was. Die skatkamer het vier Ioniese kolomme bevat, wat ongewoon is. Nog ’n Ioniese kenmerk is beelde op die frieslyn wat om die bokant loop.

’n Fries is ’n horisontale, dekoratiewe of beeldhouband tussen 'n kolom en die dak. Daar is deurgaans marmer daarvoor gebruik. Geen messelklei is gebruik om die blokke bymekaar te hou nie. Die kelke van die kolomme het met laste inmekaargepas en blokke marmer, wat die wande gevorm het, is bymekaargehou met ysterklampe wat in gleuwe geset is en met lood vasgemaak is. Dit het vrystaande pedimentfigure bevat. Die gebou is beskou as ’n volmaakte balans tussen die humanistiese en die idealistiese neigings wat Griekse kunstenaars in hul werk probeer aanroer het. (10)

Kopiereg voorbehou

5.4 Student se eie keuse

Die Kouros van Tenea, 570 vC, marmer
Kouros – beelde van ’n naakte, manlike jeugdige
Vroeër is geglo dat aanbidding sonder klere die mens sonder enige wêreldse besittings uitbeeld. Die Kouros is 1,52 m lank en word langs ’n graf aangetref – waarskynlik ’n begrafnismonument. Die rigiede houding, met arms langs die liggaam af en die hande geklem, een voet effens voor die ander, laat ’n mens aan Egiptiese standbeelde dink. Hy het ’n atletiese voorkoms. Die gesigsuitdrukking, insluitende die effense glimlag, is kenmerkend van die Argaïese Tydperk. Gestileerde, lang hare. Hierdie standbeeld vertoon ’n meer naturalistiese benadering as die ander Kourosstandbeelde.

Discobolos – brons
Is deur die Griekse beeldhouer, Myron, geskep. ’n Naturalistiese figuur wat in ’n oomblik van aksie vasgevang is. Bevry van die rigiede houdings van die Argaïese Tydperk. Die ideale realiteit van fisieke beweging word vasgevang. Die atleet word uitgebeeld op die tydstip net voordat hy die swaar diskus vorentoe swaai om dit te laat los. Die verspreiding van die liggaamsgewig, tesame met die vorms van die spiere, is ’n komposisionele effek wat die Grieke geskep het en *rhythmos* of patroon genoem het. Selfs al was dit 'n oomblik van aksie is die gesigsuitdrukking emosieloos. Dit word as ’n teken van krag en mag beskou. (2 × 10) (20)
[40]

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Die vroeë argitektuur is deur die konstruksie van geboue vir godsdienstige doeleindes oorheers. Die Romeinse projekte is daarop gemik om praktiese probleme op te los wat deel van al die burgers se lewens was. Hulle het op sekulêre strukture gekonsentreer, insluitende die ontwikkeling van waterleidings, paaie, brûe, rioleringstelsels, openbare baddens en basilikas. Die akwaduks (waterleidings) het drinkwater voorsien en is gekoppel aan die binnenshuise rioleringstelsels om water uit die stede uit weg te voer. Dit het ook water aan die badhuise voorsien. Die openbare Romeinse badhuise was ’n ingenieursprestasie. Warm water is van ondergrondse warm fonteine voorsien, maar die water moes gedurende die dag warm gehou word. Een van die belangrikste bydraes was die Romeine se ontwikkeling van die gebruik van boë, gewelwe en koepels. Deur die skepping van dwarsgewelwe is koepels ontwikkel. Hierdie stelsel het dit moontlik gemaak dat gewig na die steunmure oorgedra is. Steunkolomme was nie meer nodig nie. Kolomme is daarna slegs as versieringselemente aangewend. Die Romeine het ook hul eie soort beton ontwikkel om sterker mure te maak. Hulle het ’n stadig drogende pleistermessel ontwikkel. Hulle was toe in staat om groter ruimtes sonder enige binnesteun te skep. (10)

6.2 Rome is in die middel van die 8ste eeu vC gevestig. Rome het oorwinningsoorloë teen Macedonië, Sirië en Spanje gevoer, wat die groei van groot landgoedere tot gevolg gehad het. Die Romeine het dit wat hulle by ander volke geleer het, suksesvol toegepas. Die portretkuns en die herdenking van geskiedkundige gebeurtenisse het hulle in staat gestel om hul eie karakter te ontwikkel. Die Romeinse burgerlike leiers het kuns gebruik om hul politieke agendas te bevorder. Verhale van mag en sukses is oorvertel met behulp van kunswerke wat standbeelde, verhewe beeldwerk, muntstukke of geboue ingesluit het. Dit was ’n direkte vorm van propaganda wat die heersers ingespan het om hul onderdane te beïnvloed. Daar was ’n eindelose aanbod van die materiaal wat gebruik is aangesien die Romeine toegang gehad het tot materiale van die gebiede wat hulle gekolonialiseer het. Die meeste van die standbeelde wat bewaar is, beeld merendeels vermoënde en magtige mense uit. (10)

6.3 Student se eie keuse

Die Pantheon
Dit is ’n getuigskrif van die Romeine se ingenieursvernuf. Hierdie goed bewaarde tempel is gebou op die terrein van ’n vroeëre tempel wat, soos die Pantheon, aan alle gode toegewy is. Die voorkant van die gebou het ’n tradisionele, reghoekige voorportaal met ’n kolonnade. Sestien kolomme is van rooi en swart Egiptiese graniet gemaak, met voetstukke en kapitele van wit Griekse marmer. ’n Arend het oorspronklik die voorste pediment versier. Die ontwerp van die hoofsaal in die vorm van ’n enorme koepelgebou is ’n simbool van wiskundige harmonie en kon slegs opgerig word vanweë die Romeine se ontdekking van stadig drogende beton. Die koepelgebou is 'n kombinasie van ’n sirkel, silinder en sfeer. Dit is uit meetkundige vorms gebou. Sewe nisse is aan sewe hemelse gode toegewy. Korintiese kolomme is aan die binne- en buitekant gebruik. Die groot koepel is gemaak van swaarder beton aan die onderkant en ligter materiaal na die bokant toe.

Uiteindelik is ’n ligte, poreuse puimsteen heel bo gebruik. Die sentrale kenmerk van die koepel word die ogie genoem – dit is ’n sirkelvormige opening. Dit is die enigste bron van lig aan die binnekant. Die ogie is ’n simbool van die hemelkoepel. Wanneer dit reën, val die water binne-in die gebou, maar dit word weggevoer om in dreineerpype weg te vloei. (20)
[40]

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 Die plat houtplafonne van kerke in die vroeë Middeleeue is gereeld tydens militêre onrus afgebrand. Om die probleem te bowe te kom en aangesien dit ’n brandgevaar ingehou het, is daar enkeltonnelgewelwe met ronde diafragmaboë, wat uit klip gemaak is, as stutte gebruik. Die regering het toenemend bestendig geword, en hierdie vreedsame omgewing het mense tyd gegee om kruistogte na die Heilige Land of pelgrimstogte te onderneem om heiligdomme te besoek wat voorwerpe van die heiliges bevat het. Hierdie voortdurende stroom mense het ’n behoefte aan groter kerke laat ontstaan. Die Middeleeuse kunstenaars was van die beskerming van die kerk en sy amptenare, wat finansieel magtig was, afhanklik. Dit het die inhoud of onderwerpe van hul kuns beïnvloed. Met die toenemende belangrikheid van die kerk was die hoofdoelwit van alle kuns om in diens te staan van die Christendom wat geheers het. (10)

7.2 Brandskilderglasvensters het mosaïekkuns of muurskildering, wat voorheen in kerke te siene was, vervang. Die effek van lig wat deur die verskeidenheid kleure filter, is inspirerend. Hierdie kleure word verkry deur minerale by die glas te voeg terwyl dit nog in ’n gesmelte stadium is. Wanneer dit teen die lig beskou word, lyk die glas deurskynend terwyl die lood en yster wat gebruik word om die stukke glas te las, dowwe swart lyne word wat die figure omlyn. Die ontwerpe van die vensters hou verband met die ontwerpe wat in mosaïek en manuskripverligting gesien word. Soos die buitenste beelde is die onderliggende tema van die vensters die toewyding van die kerk as heiligdom aan die Maagd Maria. Die gildes wat verteenwoordigend van die verskillende ambagte is, versier al die vensters. (10)

7.3 Student se eie keuse, byvoorbeeld die Chartres-katedraal, Sint Pieterskerk (20)
[40]

VRAAG 8: RENAISSANCE-KUNS

8.1 8.1.1 Wanneer betekenis simbolies in skilderye, gedigte, toneelstukke, en so meer voorgestel word

8.1.2 ’n Skildery wat vinnig in watergebaseerde verf op nat pleister teen ’n muur of plafon geskilder word sodat die kleure die pleister binnedring en vassit word sodra dit droog word

8.1.3 ’n Middeleeuse kunstenaarsvereniging wat onder ’n meestersambagsman werk

8.1.4 ’n Persoon wie se kundigheid oor ’n aansienlike aantal verskillende vakgebiede strek

8.1.5 Fyn skakering wat sagte, onsigbare oorgange tussen kleur en kleurtinte produseer

(5 × 2) (10)

8.2 Student se eie keuse, byvoorbeeld Masaccio, Botticelli, en so meer (10)

8.3 Student se keuse, byvoorbeeld Da Vinci, Michelangelo, Raphael, en so meer
(10 × 2) (20)
[40]

VRAAG 9: BAROKKUNS

9.1 Die term is afgelei van die Portugese woord *barocco* wat onreëlmatige of ongelyke pêrels met ’n verwronge vorm beteken. (2)

9.2 Student se eie antwoord (3)

9.3
- Die beelde is direk, vanselfsprekend en dramaties.
- Die beelde poog om die kyker by die toneel te betrek en deel daarvan te maak.
- Die uitbeeldings voel fisies en sielkundig eg/emosioneel intens.
- Daar is sprake van uitspattige omgewings en versierings.
- Kunstenaars maak van dramatiese kleur gebruik.
- Daar is ingrypende kontraste tussen lig en donker, lig en skadu.
- In teenstelling met kuns uit die Renaissance, met duidelik gedefinieerde vlakke waarop elke figuur apart van mekaar geplaas word, is daar ’n deurlopende oorvleueling van figure en elemente in barokkuns.
- Algemene temas: Grootse visioene, ekstase en bekerings, martelaarskap en dood, intense lig, intense fisiologiese momente (10)

9.4 Katolieke – uiters teatrale en soms melodramatiese styl van godsdienstige kuns; opdragte is deur die kerk gegee; teenhervormend; meer lewensegte naturalisme in figuurkomposisies
Protestante – nuwe soort eselskilderye vir die vermoënde middelstand; genreskilderye sluit stillewes, portrette, landskappe, en so meer, in (5)

9.5 Student se keuse, byvoorbeeld Caravaggio, Bernini, Gentileschi, Rubens, Rembrandt, en so meer (10 × 2) (20)
[40]

VRAAG 10: ROMANTIESE KUNS, NEOKLASSISISME EN REALISME

Romantisisme

Die klem val op die verbeelding en emosie. Het in reaksie op die ontnugtering met rede en orde in die nadraai van die Franse Rewolusie van 1789 na vore getree. Gevierde

individualisme, die mag van die verbeelding en emosies. Teen die establisment gekant. Deur dubbelsinnigheid, kompleksiteit en onsekerheid gekenmerk. Individualiteit is bo konvensie geëer. Daar is met nuwe onderwerpe, komposisies en tegnieke geëksperimenteer om visuele middele te ontdek wat hul persoonlike idees en ervarings effektief kon oordra. Emosioneel en dramaties. Selfuitdrukking, spontaneïteit en gevoelens

Komposisie: Dikwels op dramatiese skuinslyne gebaseer wat met drama en beweging vervul is; dramatiese komposisies
Kleure: Ryk kleure is gebruik.
Tegniek: Die kunstenaar was emosioneel by sy werk betrokke; skilderkunstige styl; sigbare kwashale; vrye vorms in reaksie op die formalisme van die Neoklassisisme

Student se keuse van kunstenaar, byvoorbeeld Goya, Gericault, Delacroix, en so meer

Neoklassisisme
Politiese en maatskaplike strukture in Frankryk was ná 1750 in ’n kritieke toestand. Die staat was amper bankrot. Die middelstand was moeg daarvoor om deur die aristokrasie onderdruk te word. Tydens die uiterste politieke en ekonomiese krisis in Frankryk in 1789 begin die Franse Rewolusie. Onder diktatorskap van Napoleon Bonaparte is ’n militêre mag op Europa losgelaat. Neoklassisisme is aan politieke gebeurtenisse gekoppel. Die styl was logies, ernstig en moraliserend van aard. Dit was die amptelike styl van die regering. Hernieude belangstelling in die Klassieke beskawing. Weens die uitgrawings van die Herkuliese ruïnes in Italië in 1738 en van Pompeii in 1748 was die Neoklassisiste op soek na die 'edele eenvoud en kalm grootsheid' van Grieks-Romeinse kuns. Winckelmann (Duitse geskiedkundige) het kunstenaars aangemoedig om hierdie tydlose, ideale vorme na te boots.

Komposisie: In balans en georden; op meetkundige vorms (driehoeke en reghoeke) gebaseer. Lyn en tekening is die belangrikste kenmerke van hierdie styl
Kleure: Sterk kontraste tussen kleure en tussen lig en donker areas (*chiaroscuro*); somber kleure
Tegniek: Gladde aanwending van verf; geen sigbare kwashale nie; harde, presiese buitelyne; duidelik gedefinieerde vorms
Invloede: Winckelmann – moet deur die Klassieke Oudheid (Antieke Griekeland) beïnvloed word
Diderot – Kuns moet ’n doel, sedes en lesse wat geleer moet word, hê.
Renaissance-kunstenaars – komposisie

Student se keuse van kunstenaar, byvoorbeeld Jacques-Louis David, Jean Auguste Ingres, en so meer

Realisme
In die vroeë 19de eeu word die voorkoms van Europa drasties verander deur industrialisering. Armoede, smerigheid en wanhopigheid is die lot van die nuwe werkerstand wat deur die nywerheidsomwenteling teweeggebring is. Die reaksie op hierdie verandering wat in die samelewing plaasgevind het, is die Realisme-beweging. Daar is daarna gestrewe om die omstandighede en moeilike lewe van die armes akkuraat uit te beeld in die hoop dat dit die samelewing sal verander. Dit is in teenstelling met Romantisisme wat optimisties oor die mensdom was. Die Realisme het ’n strak beeld van armoede en wanhoop voorgehou. Terwyl die Romantisisme die natuur verheerlik het, het die Realisme die lewe in die dieptes van ’n stedelike woesteny uitgebeeld. Die fokus was op die gewone mens. Werkers, landbouers en arbeiders was nog nooit vantevore die onderwerp van kuns nie. Gewone mense het nooit geld gehad om ’n opdrag vir kunswerke te gee nie. Kunstenaars soos Gustave Courbet het ’n behoefte daaraan gehad om gewone mense te skilder en die res van die samelewing te wys hoe hul lewens daar uitgesien het. Hy het met sy skilderye sosiale kommentaar gelewer.

Student se keuse van kunstenaar, byvoorbeeld Jean-Baptiste-Siméon Chardin, Gustave Courbet, Jean- François Millet, en so meer (2 × 20) **[40]**

TOTAAL VIR AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou